Heilbron
# Herald
*If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.*
WEEK 34 Deel 110
VRYDAG - 30 AUGUSTUS 2019
www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

# Teerprojek maak 'n groot verskil

Heilbron het tot onlangs toe nog bekend gestaan as die dorp met die grootste slaggate. Een van die inwoners, Danie du Plessis het besluit genoeg is genoeg en saam met Jackie Leonard 'n teerprojek in Heilbron van stapel gestuur. Daar is reeds sowat 8 km strate se slaggate geseël en 3200 sakkies teer gebruik. Die Boerestraat het R20 000 vir die projek bewillig. Afriforum was die ander groot rolspelers om die projek aan die gang te hou. Daan Sanjo's soos hy ook bekend staan, sê dat die arbeidskoste alleen sowat R25 000 beloop. Die inwoners van 12de en 10de strate het ook op eie



inisiatief R10 400 ingesamel om hulle strate weer rybaar te kry. Die einde is nog nie in sig nie en baie strate se gate moet nog herstel word. Die reënseisoen is op hande, strate wat reeds herstel is moet onderhou word, anders is ons terug waar ons was, volgens Daan. Die munisipaliteit het ook teer vir die projek gegee en deels bygedra om Piercestraat reg te maak. Daar word egter 'n beroep op inwoners gedoen om by te dra tot die projek, sonder die befondsing gaan die projek tot stilstand kom. Die onderskeie Boereverenigings kan ook moontlik help met die projek, almal gebruik die dorp se paaie.



## Johan Jones skielik oorlede

Die gemeenskap van Heilbron is verslae na die skielike heengaan van Johan Jones, Donderdag middag. Johan wat die eienaar van Late Nite Videos op Heilbron was, het vermoedelik sy eie lewe geneem. Volgens getuies is 'n geweerskoot omstreeks 13:45 vanuit die badkamers langs die videowinkel gehoor. Die polisie is ontbied, maar die deur van die badkamer was gesluit. Hulle het toegang met die spaarsleutel gekry waar hulle hom aangetref het met 'n koeëlwond. Jones was 'n vorige stasiebevelvoerder van SAPD op Heilbron

# Plaaslike distilleerdery verower dubbele goud

Van Rum tot Vodka het Gin die kroon gekry! De Vry Distillery het verlede week 'n toekenning ontvang van die SA Craft Gin Awards 2019 wat in die Kaap gehou was. 'n Dubbele goud is, op 21 Augustus 2019 aan De Vry toegeken vir hul Droë Rooinek Dry Gin. Tesame met 19 Gin wenners het die Droë Rooinek Dry Gin skoonskip gemaak. Die Gin Awards was aangebied deur Checkers Liquor Shop by die Belmond Mount Nelson Hotel. De Vry Distillery het in Junie drie goue toekennings ingepalm vir die volgende: Die Groot Kommis Vodka, Die Soet Rooinek Cherry Gin en Die Warm Rasta Rum. Hierdie toekennings is tydens die SA Women's Wine & Spirit Awards gewen.



*Gerrit du Plooy (De Vry Distillery), Corina Britz (namens Liquorshop) en Pasch du Plooy (De Vry Distillery).*

ULTIMO
AUCTIONEERS
(Langs Telwiedrè Voere)
Laerstraat • Heilbron
VEILINGSDATUMS
SATERDAG
31 Augustus om 11:00
VRYDAG
13 September om 11:00
Vir enige navrae of uit-die-hand verkope kontak
WOLTER 084 407 9394
*Implementе inskrywings is ook baie welkom.*




# Sien jou by die basaar

Die NG gemeente Heilbron Suid is vanjaar 90 jaar oud en ter viering hiervan hou hulle die naweek 'n Blyweesfees. Die vieringe skop af met 'n konsert vanaand in die Hoërskoolsaal deur Du Preez Stoltz en môre is die groot basaar. Ds Tiaan Victor, leraar van die gemeente nooi almal uit om die geleentheid saam met die gemeente te kom vier. Ds. Cobus Hamman, vorige leraar, gaan ook hier wees vir die geleentheid.

## *MISDAAD* Verslag - Heilbron

Daar is goeie nuus vir die Heilbron gemeenskap oor die misdaad hierdie week - geen ernstige gebeurtenisse is aangemeld nie. Egter is daar nog geen afname in huisinbrake en veediefstal in die omgewing nie. In die sekuriteitsbedryf word daar gereeld na "veiligheidslae" verwys. Gaan kyk na huise rondom jou, as joune die maklikste is om by in te breek, is dit tyd om 'n plan te maak en jou eiendom te beveilig. Hoe meer lae jy het, hoe moeiliker sal dit vir 'n dief wees om in te breek.

FRANKFORT VEILING
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en Inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135
BKB Loswid Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"
www.bkb.co.za

# Huis Silwerjare se lede word bederf met geskenkpakkies



*Op die foto bo is meneer Wales saam met lede van Huis Silwerjare wat geskenkpakkies ontvang het.*

Meneer Peter Wales, 'n seun van Petrus Steyn en sy pa, meneer Jimmy Wales, is die eienaars van Industrial Commodities Holdings Pty Limited, wat 'n in- en uitvoerbesigheid in Johannesburg is. Hulle het besluit om 'n gedeelte van hul besigheid se wins vir liefdadigheid te skenk. In die proses het hul ongeveer 300 geskenkpakkies aan inwoners van verskeie ouetehuise geskenk. Voorwaar 'n wonderlike gebaar as jy na die inhoud van die pakkie kyk - tot 'n bokhaar kombers. Hy het Saterdag Huis Silwerjare in Petrus Steyn besoek om 'n geskenkpakkie aan elke inwoner te oorhandig.

# Aardrykskunde-kennis word getoets



*Hierdie week is die lede van Heilbron Dienssentrum se aardrykskunde-kennis behoorlik uitgetoets. Albie Schoeman wat alreeds baie verder as net Afrika gereis het, het Dinsdag 'n vasvrae saamgestel. Op die foto verskyn Blondie Strauss, Annatjie van Aardt, Albie Schoeman (gasspreker), Nellie Bierman en Willie van Tonder.*

**BESIGHEIDSURE**
Maandae tot Donderdae: 07:30 tot 17:00
Vrydae: 07:30 tot 16:30 | Saterdae: 08:30 tot 13:00

**Besoek ons vir al u skryfbehoefte benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer ...**

Office National
Elvstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033
Faks: 058 852 0140
heraldnuus@heilbron.co.za

## terugblik




**HEILBRON HERALD, 12 SEPTEMBER 2014 - HOOP VIR DIE TOEKOMS**
*Om 'n boom te plant beteken dat jy hoop het vir die toekoms. Hoop dat jy op jou oudag onder die boom kan sit, hoop dat jou kleinkinders onder die boom gaan speel. AfriForum het hoop vir die toekoms en het die Boomplantweek pas afgesluit met die jeug wat bome geplant het, sodat hulle eendag vir hulle kinders kan vertel ons het dié bome geplant. Die kinders het Kleuterkasteel, Hoërskool Heilbron, Eendrag Volkskool en die Voortrekkers verteenwoordig. Op die foto is: CW Els (AfriForum Provinsiale koördineerder Vrystaat) Axel Bergh en Paul de Koker (namens die Kleuterkasteel).*

# Plant 'n boom en verseker 'n skoner planeet

Soos gesien in die hierdie week se Heilbron Herald terugblik, is dit weer daardie tyd van die jaar waar vrywilligers 'n nie amptelike gedenkdag vier - Boomplantdag. Op hierdie dag word beide eksotiese en inheemse bome in die algemeen beklemtoon en skoolkinders neem gewoonlik hieraan deel. Dit is die perfekte geleentheid waar jy self 'n nuwe boom kan plant, een borg of om voeding en kompos by huidige bome in te werk.

Bome is van uiterste belang vir die menslike voortbestaan en bekamp lugbesoedeling, vervaardig suurstof en help om koolstofdioksied te verwyder uit die atmosfeer. Bome voorkom ook erosie, verskaf skaduwee en help dat vog stadiger uit die grond verdamp. Bome verskaf ook hout aan mense, dit word gebruik vir papier, meubels en geboue.

Die eerste gedokumenteerde boomplantfees was in 1594 in die Spaanse dorpie Mondonedo gehou. Die eerste moderne boomplantdag was egter eers in 1805 in die Spaanse dorp Villanueva de la Sierra aangeteken. Hier in Suid-Afrika is Nasionale Boomplantdag van 1945-2000 gevier. Die regering het daarna besluit om dit na Nasionale Boomplantweek te verander wat plaasvind die eerste week van lente, 1 tot 7 September.

'n Algemene en skaars boom word gewoonlik uitgekies en verskeie ander "groen"-aktiwiteite word ook deur skole, besighede en ander organisasies van stapel gestuur. Jy kan deelneem aan hierdie aktiwiteite deur bome te plant soos tassebessiebos (Pavetta lanceolata), doppruim (Pappea capensis) en die gewone wildepietersieliebos (Heteromorpha arborescens). Die ander opsie is dan ook net om te herwin en ons planeet 'n skoner en veiliger omgewing te maak.

# Kundige advies

Steve Venter
FINANSIËLE DIENSTE BK
Sel: 083 454 9481



*Op die foto: Steve Venter (Steve Venter Finansiële Dienste), Louise Snyman (Louise Snyman Rekenmeesters) en Jeremy Jonker (Steve Venter Finansiële Dienste).*

Steve Venter Finansiële Dienste BK is nou in Heilbron en is gereed om vir jou finansiële leiding te gee. Hulle is 'n gemagtigde Finansiële Dienste Verskaffer (FSB no: 7239). Hulle het reeds gevestigde kantore in Parys en Kroonstad, maar is een dag per week by Louise Snyman Rekenmeesters in Luytstraat 48 en is per afspraak beskikbaar. Skakel gerus 082 510 1939 om jou afspraak te maak. Steve Venter Finansiële Dienste het ook hul portefeulje uitgebrei met 'n nuwe vennoot, Jeremy Jonker. Finansiële dienste wat gelewer word sluit in: Mediesefondse, boedelbeplanning, aftreebeplanning, beleggingsbeplanning, langtermynversekering advies, testamente, belasting en kundige advies. Die Steve Venter span word gedryf deur die leuse: "Die wil om aan te hou, is dikwels die verskil tussen mislukking of sukses."





# Blyweesfees – 90 jaar van vreugde



Min dinge spreek beter van die tipiese platteland-lewe as 'n goeie, outydse kerkbasaar. Vir feitlik so lank as wat die kerk al hier in die Riemland bestaan, vir so lank word daar jaarliks kermis gehou. Dit is deel van ons kultuur en is verweef met die manier van hoe ons gemeentewees beleef. 'n Deel van die doel hiermee is natuurlik om fondse in te samel vir die gemeente se aktiwiteite deur die loop van die jaar, maar dit was nog nooit die hoofprioriteit nie. Vanjaar vier NG Heilbron-Suid sy negentigste bestaansjaar op hierdie besonderse dorpie. Daarmee saam kom al die feestelikhede van 'n gemeente wat, deur groot genade, nog volwaardig kerk kan wees. Die omgewing en omstandighede het al baie verander deur die jare heen en mense het gekom en gegaan. Wat egter dieselfde bly, is ons roeping om vreugdevol diensbaar te wees. Ons wil graag iets van die dankbaarheid en blydskap wat in ons harte leef uitdruk, en daarom is ons tema van die basaar vir 2019 eenvoudig: BLYWEESFEES!

Dit is NG Heilbron-Suid se grootste voorreg om hierdie heerlike geleentheid weer aan te bied in 2019, en so saam met mekaar en die gemeenskap ons verjaardag te vier. Die kerk nooi derhalwe ieder en elk om Saterdag, 31 Augustus, saam met hulle te gaan geniet. Die Basaar skop om 8:00 af te Breëstraat 59. Daar is stalletjies met die heerlikste peuselhappies, Wit Olifante, biltong, droëwors en vleis teen uiters billike pryse. Daar is speletjies vir die jongspan, soos boeresport, kettieskiet, skyfskiet, gesigverf en 'n springkasteel.

Daar word nie van die fietsryers vergeet nie - 'n bergfietstoer deur die pragtige Vrystaatse grasvelde word op die dag van die Blyweesfees gehou. Inskrywings begin om 7:00 en die wegspring is om 7:30. Inskrywingsgelde vir die 30km roete is R100 per persoon en die 10km roete R50 per persoon. Daar sal toesig vir kinders beskikbaar wees tydens die toer.

Die welbekende Du Preez Scholtz gaan vanaand in Hoërskool Heilbron se skoolsaal optree. Kaartjies is vooraf, asook by die deure beskikbaar: R40 per volwassene en R20 per kind. Kerrie en Rys en koeldrank sal tydens pouse te koop wees.

Vir enige verdere navrae, besprekings of bestellings, kontak gerus vir Johan Greyling by 081 363 2134, of die kerkkantoor by 058 852 1990, of sien die program elders in die koerant.

"Soli Deo Gloria" – Aan God alleen die eer. Kom deel in ons vreugde!


NG KERK HEILBRON-SUID HOU BLYWEESFEES
op Saterdag 31 AUGUSTUS
vanaf 08:00 tot laat

Spotgoedkoop!
MAALVLEIS @R60/kg
BOEREWORS @R75/kg
RUMP @R85/kg
T-BENE @R80/kg
FILLET @R110/kg
BILTONG @R180/kg
DROËWORS @R180/kg
SOSATIES @R75 vir 5

EETGOED TE KUS EN TE KEUR
•Pannekoek •Hamburgers
•Worsbroodjies •Kerrie en Rys
•Vetkoek •Sosaties
•Regte, egte basaarpoeding
•Gebak wat jou mond sal laat water
•Stomende boeretroos
•Spesiale roomystafel

Wit olifante & interessante tafel met Ditjies en Datjies

Pret Fietsrit
Ons spring weg om 7:30
30km roete teen R100 | 10km roete teen R50
deur die pragtige Vrystaatse grasvelde!
Navrae Alwico Leach 074 231 7506

SPELETJIES VIR DIE JONGSPAN TERWYL PA EN MA FIETSRY
Gesigverf Kettieskiet Boeresport Springkasteel Bokdrolspoeg

ALMAL VAN SPEENOUD TOT STOKOUD WORD GENOOI NA HIERDIE OPWINDENDE DAG

BAIE, BAIE GELUK AAN NG-SUID KERK!
NOG VELE JARE VAN VOORSPOED!
JERRIE FOX Chemikalieë
OP 90 JAAR!

Hartlike gelukwense aan NG-Suid Kerk
POSTNET HEILBRON
INTERNATIONAL & DOMESTIC COURIER

Kleuterkasteel

Baie geluk NG Kerk Suid met die groot verjaarsdag. Mag julle 'n wonderlike jaar hê
OJ's MEAT & CHICKEN
Sel: 082 781 6163

PIONEER
Gelukkige 90 jaar vieringe. Mag daar nog 90 goeie jare wees.





Gelukwense vir NG-Suid vir goue 90 jare!
ROOS

tops! at SPAR
SPAR Heilbron
Veels geluk aan NG-Suid vir die groot mylpaal behaal!

BAIE GELUK NG-Suid Kerk OP NOG 90 JAAR!
Spur Steak Ranches
BUFFALO VALLEY SPUR

NG-Suid Veels geluk met jul 90ste verjaarsdag
SALON GEORDY

TrenTyre
SUPPORTED BY GOODYEAR
wens hiermee die NG-Suid Kerk baie geluk met die 90ste verjaarsdag! Nog goeie jare word vir julle toegewens
058 853 0550

RIEMLAND Apteek
Geseënde Verjaarsdag aan NG Kerk Suid. Geluk & voorspoed vir nog 90 jaar
Danie, Elsa en personeel

BKB
Veels Geluk NG-Suid Kerk voorspoed vir die toekoms

SAN-JO'S
Hiermee wens ons vir NG-Suid 'n geseënde toekoms toe. Geniet die Blyweesfees!

BONUS HARDWARE
D.I.Y. • BUILDING • INDUSTRIAL
BAIE GELUK NG-SUID KERK MET JUL 90STE BESTAANSJAAR!

Geluk aan NG-Suid Kerk, mag die volgende 90 jaar net so geseënd wees!
DUPNO Trading
Tanker & Trailer Repairs






A WORLD-CLASS PROVINCE DESERVES WORLD-CLASS INFRASTRUCTURE.

The South African road network exceeds 747 000 kms in total length, making it the longest road network in Africa and the 10th largest in the world. At SANRAL we appreciate that our network is one of the key contributors to our country's competitiveness in global markets.

Projects like KwaZulu-Natal's Mount Edgecombe interchange, the longest incrementally launched bridge in the southern hemisphere, guarantee our country a high level of mobility for people and goods transportation. The new four-level interchange facility provides at least two lanes on each of the major movements. It includes the implementation of directional ramps, eliminating the need for controlled signalisation, thus ensuring free flow of traffic in all directions. This is world-class infrastructure that links South Africa to the future.

SANRAL. Beyond Roads.

www.sanral.co.za

SANRAL
BUILDING SOUTH AFRICA THROUGH BETTER ROADS

